Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

ASSESSMENT AND EXAMINATIONS DIRECTORATE
Bundy Park, Private Bag 4571, King William's Town, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2015 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	Afrikaans Huistaal

PAPER	1

DATE OF EXAMINATION:	November 2015	DURATION:	2 HOURS

This section of the instrument is aimed at providing valuable feedback to schools, subject advisors, teachers and learners about common errors committed by candidates in the answering of questions, to assist teachers and subject advisors to identify areas that need to be given special attention in the teaching and learning of the subject in 2016.

Your responses will be based on two parts:

Section 1: General overview of Learner performance in the question paper as a whole

Section 2: Comment on candidates' performance on individual questions (Detailed explanations must be provided **per question** as follows: (You may include sub questions where necessary)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
(b) Why the question was poorly answered?
(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Die verspreiding van die korrekte kognetiewe vlakke van 40-40-20 weerspieël pragtig in al die afdelings.

Vraagstelling en opdragte is baie duidelik en kan maklik deur Afrikaans Huistaal kanidate interpreteer word.

Die tydsduur was ook voldoende en het aangepas by die lengte van leesstukke, want alle kanidate kon met gemak die vraestel binne die gegewe 2uur voltooi.
Die bronne in al die afdelings is leerdervriendelik en binne kanidate se ervaringswêreld. Die bronne is voorts uitstekend verwerk om by puntetoekenning aan te sluit.

Alle denkvlakke word getoets in vraestel en vrae oor Taalstrukture en- Konvensies : Advertensie, Visuele Teks en Artikel is geskoei op die nuutste Kurrikulim- en Assesseringsbeleidsverklaring vir Afrikaans Huistaal.

'n Steekproef uit 100 geskrifte het die volgende gemiddelde opgelewer :

	Punt	Persentasie
Vraag 1	18,81 /30	62,96%
Vraag 2	7,16 /10	71,6%
Vraag 3	5,13 /10	51,3%
Vraag 4	3,95 /10	39,5%
Vraag 5	4,02 /1	40,2%

Opvoeders behoort op alle leerders se harte te druk dat Afrikaans ook 'n leervak is en dat 'n houding van "wie-leer-nou-vir-taal?", nie net hulself kelder nie, maar alle harde werk van opvoeders ongedaan maak.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1
(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**
Hierdie afdeling bestaan uit leesbegrip: Artikel en 'n visuele teks wat uitstekend by mekaar aanklank vind. Die verspreiding van die kognetiewe vlakke is van so 'n aard dat dit die kanidate se vermoëns om te redeneer, deeglik te lees en afleidings te maak, goed getoets het. Dit blyk 'n billike vraag te wees, waar selfs jou swakker leerder, met insig, gemaklik 50% plus kon bereik. 'n Steekproef uit 100 skrifte het 'n gemiddelde persentasie van 62,96% opgelewer.

(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Ek twyfel of jou minder begaafde kanidate wat nie by enige ondersteuningsprogramme betrokke was, die hoë orde vrae sou kon baasraak nie. Baie leerders sukkel nog om afleidings te maak en verbande te lê. Vraag 1.14 is 'n vergelykende vraag waar Teks A sowel as Teks B geraadpleeg moet word en stip dit duidelik uit, dat daar DRIE ander sake uit Teks B geïdentifiseer moet word wat, indien dit oordryf word, verkeerd is. Hoewel baie leerders by die korrekte antwoord kon uitkom, het verkeerde interpretasie van vraag die res in die stof laat byt deurdat hul Teks A temas ook aanhaal en die "ander sake" in die opdrag misgekyk het.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

By die Begriptoets moet leerders in staat wees om te lees en te kyk vir begrip asook om krities te evalueër en op ‘n wye verskeidenheid tekste response te kan lewer.

Wenke vir verbetering mag die volgende insluit :

Doen soveel as moontlik begripstoetse en laat leerders oefen om inligting uit ‘n gegewe paragraaf/ paragrawe af te lei en in hul eie woorde te stel.

Leerders moet ook geleer word om verbande tussen twee tekste raak te lees.

Konstante oefening in hoe tekste by mekaar aansluit, moet op ‘n gereelde basis ingedril word by leerders.

Uitdagings

1. Leerders sukkel met visuele teks.
2. Emotiewe versus neutrale taalgebruik.
3. Verskeidenheid tekste : Artikel, Visuele teks, Advertensie, Artikel.

Ingryping

1. Leerders moet meer daaraan blootgestel word.
2. Maak leerders voortdurend bewus daarvan.
3. Gereelde blootstelling daaraan.

(d) **Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Teks A : Artikel

1.2 Leerders sukkel soms met emotiewe taal.

1.4 Leerders moet leer om afleidings uit sekere inhoudsdele te kan maak. (sintese teksinhoud)

1.5 Hier moes inhoud leerders tot ‘n spesifieke gevolgtrekking lei en talle swakker leerders het by hierdie vraag vasgeval.

1.8 Swakker leerders vind dit ook soms moeilik om geïmpliseerde betekenis in paragraaf 8, vas te pen.

1.10-1.11 Leerders val ook vas as hul teksinhoud moet evalueer en waardeer, soos lg. twee vrae aandui.

1.13 Te veel leerders sukkel nog met eenvoudige punktuasies soos ellipsteken.

1.15 By die verbandleggingvraag tussen twee tekste, was baie kanidate in die kol met die korrekte antwoord.

(e) **Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Aan Leerkragte :

-‘n Verskeidenheid tekste kan gebruik word, insluitend visuele en/of grafiese materiaal.

- ‘n Matriekleerder moet ‘n leesstuk van 800 woorde kan hanteer.

-Kognitiewe vlakke

40%

40%

20%

-Vrae moet volgorde van teks volg

-Karakters/syfers en letters in visuele tekste moet duidelik uitkenbaar wees.

-Aanvaar dialektiese variasies.

Ten laaste : Gereelde oefening behoort knelpunte uit die weg te ruim en by beantwoording van vrae laat puntetoekenning jou lei.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 2
(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**
Die opsomming het gehandel oor "sewe goeie gewoontes om 'n effektiewe leefstyl te handhaaf." Leerders moes dit in volsinne en paragraafvorm binne 90 woorde opsom. Die vraag is gemiddeld tot goed beantwoord en leerders het nie probleme ondervind en kon met gemak die 7 goeie gewoontes vir 'n effektiewe leefstyl raaklees en identifiseer. 'n Steekproef uit 100 skrifte het 'n gemiddelde persentasie van 71,6% opgelewer.

(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Sekere kanidate het weer eens die volsin-voorskrif verontagsaam en party kanidate het hulself skuldig gemaak aan direkte aanhalings uit die teks wat weer eens hul finale punte uit 10 negatief beïnvloed het.

(c) **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**
Leerders moet oefen om op te som en op te som volgens die reëls nl. • Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. • Rofwerk moet duidelik aangedui word. • Gebruik volsinne. • Korrekte getal woorde moet aangedui word.

(d) **Describe any other specific observations relating to responses of learners**
Waak teen onnodige langdraderigheid. Soms word dieselfde feit op 'n ander manier gestel om te toets of die kandidaat skerp genoeg is om verby die herhalings met insig by die kern kan uitkom.

(e) **Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**
Oefen, oefen en nogmals oefen. Dis al hoe ‘n mens skerp raak. Help leerders om self die opsomming van 7 feite na te sien en ‘n lig gaan op, as hy besef daar is 3 bonuspunte wat sy totaal na 10 kan opskuif. **Wenke:** -Lees opsommings deeglik deur. -Kyk wat word gevra. -Lees weer opsomming en hou vraag in gedagte. -Plaas hakies om elke idee wat vraag aanspreek. -Bepaal hoofsin oor elke feit. -Skryf hoofsinne in paragraafvorm of puntsgewys neer, afhangende wat vraag verlang. -Tel die aantal woorde- verkort indien nodig. -Skryf getal woorde neer. -Proeflees.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 3
(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered**?
Die advertensievraag het gefokus op Taalgebruik in konteks, advertensietegnieke en visuele geletterdheid. Die vraag is gemiddeld tot ondergemiddeld beantwoord. 'n Steekproef uit 100 skrifte het 'n gemiddelde persentasie van 51,3% opgelewer.

(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Die vraag is so beantwoord omdat leerders hulle nie verwerdig om Taalkunde te leer nie. Min leerders kon by die korrekte antwoord (3.4). "Waarom (verwensenlik FNB jong atlete se drome?"), uitkom. Hulle kon ook nie die sin in reël 7 tot 'n bywoordelike bysin (3.5) uitbrei nie. Bewyse dat hulle nie geleer het nie, kon 'n mens duidelik by (3.6) en (3.8) sien. Om nie die klankverskynsel en leenwoord te kan identifiseer nie, is kommerwekkend.

(c) **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**
Ruim tyd in om Taalstrukture vas te lê. Werk met advertensies in die klas en vra die tipe vrae wat in die vraestel voorkom. Sodra leerders gemaklik is met teks, kan hulle advertensietegnieke (3.10) behandel. Onthou, daar is net soveel wat 'n mens met 'n advertensie kan doen.

(d) **Describe any other specific observations relating to responses of learners**
Stel leerders op 'n deurlopende basis aan 'n verskeidenheid tekste bloot. Drilwerk het nog nooit skade gedoen nie. Identifisering van basisvorm (3.1), woordsoorte (3.2) en antonieme (3.3) moet ingeoefen.

word.
(e) **Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**
-Gee gereeld blitstoetsies wat leerders sommer self kan nasien. -Doen soveel as moontlik taaloefeninge en gee huiswerk wat op Advertensie fokus.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 4
(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**
Hierdie vraag was 'n visuele teks uit "Kekkel en Kloek". Die vraag is ondergemiddeld beantwoord. 'n Steekproef uit 100 skrifte het 'n gemiddelde persentasie van 39,5% opgelewer.

(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Leerders het sommer by (4.1) vasgeval en kon nie **"moet**" in Raampie 1, as Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit identifiseer nie. Talle kandidate weet ook nie dat 'n tydperk van 'n duisend jaar (4.4) 'n millennium is nie. Die enkeles wat die korrekte antwoord geken het, se spellingsvermoë het hulle in die steek gelaat en het sodoende die punt verbeur. Leerders se idioomkennis is ook kommerwekkend, want baie min kon by die idioom (4.5) As die muis dik is, is die meel/koring/kaas bitter, uitkom Gebrekkige kennis van leestekens (4.6) beletseltekens en indirekte rede (4.7) het ook talle kandidate in die hek laat duik. Kandidate besef ook nie dat hul albei kante van die ironie (4.10) moet gee vir een punt nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Ruim weeklikse tyd in waar Taalstrukture vasgelê word. Taaloefeninge in handboeke kan ook met vrug aangewend word

(d) **Describe any other specific observations relating to responses of learners**
Let op hoe leestekengebruik, ironie en woordsoorte gevra word en oefen die manier van vraagstelling by leerders in.

(e) **Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**
Versamel soveel moontlik taaloefeninge en laat leerders strokiesprente skool toe bring. Toets dan aspekte soos leestekengebruike, taalgebruik en liggaamshouding. Leerders sal dit geniet.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 5
(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**
Hierdie vraag was 'n Rubriekartikel, aangepas uit "My Tyd". Die ondergemiddelde leerder het ook swak in hierdie vraag gevaar. 'n Steekproef gemaak uit 100 skrifte, het 'n gemiddelde persentasie van 40,2% opgelewer.

(b)Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
By (5.1) waar daar vir die korrekte woordorde gevra is, moet leerders die goue reël**: tyd, wyse, plek** onthou en dit sal hul tot korrekte antwoord lei. Leerders sukkel nog steeds met homonieme (5.3) paronieme (5.10) en talle weet nog steeds nie dat KKNK (5.7) vir Klein-Karoo Nasionale Kunstefees staan nie. Talle leerders het ook nog nie gebiedende wyse (5.6) en direkte rede (5.9) onder die knie nie.

(c) **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**
Maak hersiening met 'n verskeidenheid tekste, deel van u weeklikse beplanning. Bewerk dit, bepraat dit, ontleed dit en bevraagteken dit.

(d) **Describe any other specific observations relating to responses of learners**
Gee die leerders meer oefening in woordsoorte, akronieme, paronieme, homonieme en Taalkunde in die algemeen.

(e) **Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Verduidelik die Taalreëls en strukture.
- Maak taallesse interessant.
- Werk ou vraestelle uit.
- Brei woordeskat uit.
- Woon alle werkswinkels en slypskole by.

Gr. 12 vakonderwysers moet gereeld met Gr. 10-11 leerkragte skakel en tydens vakvergaderings en asseseringsessies aspekte belig wat leerders taalkundig kan bemagtig.

Leerkragte moet deurentyd bewus gemaak word deur vakadviseurs van leermateriaal, veral nuwe voorgeskrewe werke wat beskikbaar is op die verskillende webwerwe vir Huistaal en indien moontlik sodanige hulpmateriaal aan skole beskikbaar stel.

NAME OF THE CHIEF MARKER:	**SIGNATURE**	**DATE**